25. Laaste gesprek met die Jode

Markus 12: 13 - 44; Mattheus 22 : 4 - 36 en Johannes 12: 20 - 50

Die Here Jesus word deur sy eie mense verwerp

God stuur Jesus om sy volk van hul sonde te verlos, maar Israel weier om Jesus as hul Verlosser te aanvaar. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God is nie 'n God van die dooies nie, maar van lewendes.
- Die Here sal voorsien; ons moet op Hom vertrou.
- Die wat die Seun verwerp, verwerp die Vader.

Die Fariseërs en Herodiane span saam teen Jesus

Jesus se teenstaanders beraam 'n nuwe plan om Hom op 'n slinkse wyse te probeer uitoorlê. Die Fariseërs, wat gewoonlik niks met die aanhangers van die Romeinse regering te make wil hê nie, is nou selfs bereid om met die Herodiane saam te werk om daardeur van Jesus ontslae te raak. In 'n poging om so min agterdog as moontlik te wek, kom die Fariseërs nie self na Jesus toe nie, maar hulle stuur 'n paar van hul jong leerlinge saam met 'n aantal Herodiane om Jesus met politieke strikvrae te probeer vastrek.

Aanvanklik sê hulle allerhande mooi dinge vir Jesus. Hulle weet Hy is altyd eerlik en dat Hy die mense in die waarheid onderrig sonder om enige persoon te ontsien. Hoewel dit wat hulle van Jesus sê waar is, glo hulle dit nie self nie. Hulle probeer Hom slegs uitlok om iets verkeerds te sê waarvan hulle Hom dan later kan beskuldig.

Die vraag oor die belasting

Hulle vra vir Jesus of dit reg is om aan die keiser belasting te betaal. Die Fariseërs wil graag hoor hoe Hy hierop antwoord aangesien hulle glo dat God alleen hulle koning is en hulle daarom geen belasting hoef te betaal nie. As Jesus nou sou antwoord dat hulle aan die keiser belasting moet

betaal, kan hulle Hom daarvan beskuldig dat Hy teen die koningskap van God gekant is. As Hy egter sou antwoord dat hulle geen belasting aan die keiser moet betaal nie, kan die Herodiane Hom aankla dat Hy die mense teen die keiser opstook.

Jesus wat in hul harte kan lees, is deeglik van hulle slinkse planne bewus. Daarom vra Hy hulle om aan hom 'n muntstuk te gee. Toe hulle vir Hom 'n penning gee, vra Hy vir hulle wie se beeld en opskrif op die munt gedruk is. Hulle antwoord dat dit die keiser s'n is. Daarom sê Hy vir hulle om aan die keiser te betaal wat aan hom behoort. Stom van verbasing oor Jesus se antwoord moes die leerling - Fariseërs en - Herodiane die aftog blaas. Jesus trap nie in hulle strik nie.

Die Here leer ons deur hierdie gebeure om aan die regering wat oor ons aangestel is, gehoorsaam te wees.[205] Mens eer juis God deur jou aan die regering te onderwerp, aangesien alle gesag van God afkomstig is. God se wil sluit nie die owerheid uit nie en daarom mag gelowiges nie teen die owerheid in opstand kom nie. 'n Mens kan God dien en tegelyk ook gehoorsaam wees aan die regering. Met hierdie uitspraak gee Jesus 'n uiters belangrike beginsel vir sy volgelinge. Die apostels het later nougeset hierdie beginsel in die praktyk uitgeleef.[206]

Die Sadduseërs en die opstanding

Die Sadduseërs probeer ook om Jesus met strikvrae vas te vra. Anders as die Fariseërs glo hulle nie aan die opstanding van die dooies nie. Deur 'n voorskrif van Moses aan te haal wat reël hoe 'n man se naam in Israel moet bly voortleef as hy kinderloos sterf,[207] poog hulle om Jesus te uit oorlê. Hulle vertel aan Hom van 'n man met ses broers wat gesterf het sonder dat hy kinders gehad het. Die tweede oudste broer neem toe sy weduwee vir hom as vrou, maar ook hy sterf sonder dat daar kinders uit die huwelik gebore

---

205 Rom. 13: 1 en 2 Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang.

206 Tit. 3: 1 Herinner hulle daaraan om onderdanig te wees aan owerhede en magte, om gehoorsaam te wees, bereid tot elke goeie werk;

207 Deut. 25: 5 en 6 As broers bymekaar woon en een van hulle sterwe sonder dat hy 'n seun het, dan mag die vrou van die oorledene nie daarbuite 'n vreemde man s'n word nie; haar swaer moet by haar ingaan en haar as sy vrou neem en die swaershuwelik met haar sluit; en die eersgeborene wat sy baar, moet staan op naam van sy oorlede broer, dat sy naam nie uit Israel uitgedelg word nie.

word. Dieselfde gebeur ook met die ander broers en uiteindelik bly die vrou alleen oor sonder dat sy geboorte aan 'n kindjie kon gee. Later sterf sy ook. Hulle wil nou by Jesus weet wie se vrou sy ná die opstanding sal wees.

Met hierdie vraag dryf die Sadduseërs eintlik die spot met die opstanding. Hulle is van oortuiging dat aangesien Moses nie in sy voorskrif aan die opstanding gedink het nie, hy ook nie aan die opstanding geglo het nie. Jesus antwoord hulle dat hulle verkeerd is. Hulle ken nie die Skrifte nie en ook nie die krag van God nie. Verder leer Jesus dat mense met die opstanding nie meer in die huwelik sal tree nie, soos dit nou die geval is . God is die God van Abraham, Isak en Jakob. Hy is nie 'n God van die dooies nie, maar van die lewendes. Hiermee bedoel Jesus dat Abraham, Isak en Jakob nog leef, omdat die Here in sy Woord dit so bekend maak.[208] Hulle leef nog voort nádat hulle gesterf het en dit word deur Moses erken.[209]

Almal is verbaas oor die wyse waarop die Here geantwoord het. Sommige skrifgeleerdes, waarskynlik Fariseërs, sê selfs reguit dat Jesus hulle goed geantwoord het. Die Sadduseërs het ná hierdie gebeure nie meer die moed gehad om Jesus weer te probeer vasvra nie.

Die vraag omtrent die grootste gebod

Die Fariseërs was baie bly oor die manier waarop Jesus die Sadduseërs, geantwoord het. Hulle dink dat Hy hulle goedgesind is en daarom dat Jesus nie so versigtig vir hulle sal wees nie. Daarom gryp hulle die geleentheid aan en stel aan Hom 'n vraag oor die wet in die hoop dat Hy iets verkeerds sal sê. 'n Wetgeleerde vra vir Hom wat die grootste gebod in die wet is. Die Fariseërs verskil self onderling hieroor en stry gedurig met mekaar oor watter gebooie die belangrikste is. Hulle onderskei tussen groot en klein gebooie, asook tussen gebooie wat verpligtend is en die wat nie so ernstig opgeneem moet word nie.

Dieselfde vraag is al vroeër aan Jesus gestel en Hy gee weer dieselfde antwoord. Elke Israeliet ken die wette van die Here baie goed. Daaruit is dit duidelik dat jy die Here jou God moet liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Maar daar is 'n tweede gebod wat net

208 Deut. 1: 8 Kyk, Ek gee die land aan julle oor; gaan in en neem die land in besit wat die HERE aan julle vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee en aan hulle nageslag ná hulle.

209 Eks. 3: 6 Verder sê Hy: Ek is die God van jou vader, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob. Toe het Moses sy aangesig verberg, want hy was bevrees om God aan te sien.

so belangrik is en dié staan ook in die boek Levitikus opgeteken.[210] Hierdie twee gebooie, sê Jesus, is die belangrikste in die wet. Die Here weier om aan allerhande redenasies deel te neem en gee 'n antwoord waarteen niemand kan stry nie.

Die wetgeleerde is baie tevrede met die antwoord wat die Here gegee het. Hy stem saam met wat Jesus sê en voeg by dat dit belangriker is as al die brandoffers en slagoffers. Hierdie man is opreg in sy geloof en stel nie belang in die geknoei van die ander wetgeleerdes nie. Vir Jesus is dit aangenaam om so iemand te ontmoet. Hy kyk hom aan en sê vir hom dat hy naby aan die koninkryk van God is. Niemand waag dit om nog vrae aan Hom te stel nie.

Die Christus, die Seun van Dawid

Die Here vra vir die Fariseërs wie se Seun die Christus is. Hulle antwoord dat Hy die Seun van Dawid is. Dit is vir die Fariseërs baie belangrik dat die Messias uit die huis van Dawid moet afstam. Hulle sien Jesus net as die seun van Josef en Maria. Eenvoudige, onbelangrike mense. Daarby kom hy van Nasaret en nie van Betlehem nie. Dit is vir Jesus, as die Messias, belangrik om hierdie saak goed te verduidelik. Daarom vra Hy vir hulle hoekom Dawid Hom dan in die Gees "Here" noem as Dawid sê: "Kom sit aan my regterhand totdat Ek u vyande 'n voetbank van u voete gemaak het."[211] Hierop kan hulle nie antwoord nie. Hulle kan nie verstaan hoe die Christus die Seun van Dawid kan wees en tog ook gelyktydig die Seun van God nie.

Met al hierdie gesprekke probeer die Jode om Jesus met slim redenasies te uitoorlê. Hulle slaag egter nie daarin nie en beraam planne om Hom om die lewe te bring. Jesus veroordeel die Fariseërs en skrifgeleerdes met skerp woorde. In heilige toorn waarsku Hy die skare teen hulle godsdienstige leiers. Hulle wil nie sy woorde of die duidelike bedoeling van die voorspellings aanvaar nie, al is dit duidelik dat Hy die Messias is. Jesus praat reguit oor hulle sonde en hul oortredinge en veroordeel hulle agt keer met die woorde "Wee julle!" As hulle aanhou met hul skynheilige godsdienstigheid, sal hulle onder die vloek van God kom.

---

210 Lev. 19: 18 Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die HERE.

211 Ps. 110: 1 Van Dawid. 'n Psalm. Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.

Jesus veroordeel die skrifgeleerdes en Fariseërs

Eers praat Jesus oor hulle skynheiligheid en begeerte om deur die mense geëer te word. Deur hulle vertolking van die wet sit hulle ondraaglike swaar laste op die mense se skouers, maar self verroer hulle nie 'n vinger om dit te dra nie. Alles wat hulle doen, doen hulle net om deur die mense gesien te word. Hulle klere moet wys hoe godsdienstig hulle is en hulle hou van die voorste plekke by etes en in die sinagoge. Hulle staan op die mark om deur die mense gegroet te word en hulle wil graag as "Rabbi" aangespreek word en selfs "vader" genoem word. Hulle verstaan nie dat diegene wat in die koninkryk van God groot wil wees, almal se dienaar moet wees nie. Wie homself wil verhoog, sal verneder word.

Jesus beskuldig weer die Fariseërs en skrifgeleerdes. Hulle sluit die koninkryk van die hemele vir die mense toe. Hulle gaan self nie in die koninkryk in nie en verhinder die wat wel wil ingaan om dit te doen. Hulle steek hulle geldgierigheid weg deur lang gebede te doen net om deur die mense gesien te word. Intussen is hulle besig om die weduwees wat by hulle raad kom vra, uit te buit.

Hulle doen baie moeite om mense tot hulle leer te bekeer en as hulle eers iemand in hul mag het, maak hulle van hom 'n kind van die hel. Só gevaarlik is hulle leer. Met al hulle slimmighede ken hulle nie die bedoeling van God nie en beskou God se woord gevolglik nie as bindend nie. Hulle is pligsgetrou met allerhande onbelangrike dinge soos die gee van die tiende van kruie, maar doen nie die belangrike dinge soos om reg teenoor ander mense op te tree nie. Hulle is blinde leiers wat van buite baie godsdienstig is, maar van binne bly hulle vol sonde en onreg. Hulle is witgepleisterde grafte wat van binne vol doodsbeendere is.

Verder verset hulle hul teen die profete van God. Vir die skyn versorg hulle die grafte van die profete, maar hulle hou aan om teen die gestuurdes van God moord te bedink. Daarom sal hulle rekenskap moet gee oor die bloed van al die profete. Hulle is slange, 'n addergeslag, wat uitgeroei sal word. Hulle sal nie kan vlug nie; die vloek van God sal hulle tref.

Weeklag oor Jerusalem

Jesus sou dit graag anders wou gehad het. Jerusalem is immers die heilige stad, maar die leiers van die stad weier om hulle te bekeer. Daarom raak Jesus hartseer oor die stad wat Hy so graag wou red. Die oordeel van God sal die stad en die tempel tref.

Dit wat vervolgens gaan gebeur, sal veroorsaak dat hulle nie Jesus as die Messias sal sien of erken nie. Hy moet deur die Jode veroordeel en gekruisig word. Maar eendag, in die toekoms, by die wederkoms, sal hulle Hom weer sien en dan sal hulle Hom begroet met die woorde: "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!"

Die weduwee se penning

Op dieselfde dag gaan sit Jesus regoor die skatkis in die tempel. Hy kyk hoe die feesgangers hul offergawes in die skatkis gooi. Daar kom rykes wat baie geld in die skatkis ingooi. Hulle word deur die priester geprys omdat hulle so baie gee. Daar is egter ook die armes. Een so 'n arm weduwee kom en gooi twee klein geldstukkies in wat saam maar 'n oortjie (sent) werd is. Die koper geldstukkies is baie min werd, maar dit is al wat die weduwee het. Sy mag wel die een muntstukkie vir haarself hou, maar sy doen dit nie omdat sy graag alles aan die Here wil gee.

Jesus sien wat die weduwee doen en Hy wys dit vir sy dissipels. Hy sê dat sy meer gegee het as die rykes wat baie geld in die kis gegooi het. Hulle almal gee iets uit hulle rykdom, maar sy gee alles wat sy het. Daarom gooi sy meer in as almal wat uit hulle oorvloed gee. Hierdie vrou gee alles wat sy het aangesien sy vertrou dat die Here ook in haar daaglikse behoeftes sal voorsien.[212] Vir haar is geloof nie net woorde nie, sy tree in geloof op deur alles wat sy het aan die Here te wy.

Die Grieke wil graag vir Jesus sien

By die Paasfees is daar ook Grieke wat in God glo en daarom na Jerusalem gekom het om die Paasfees te vier. Daar hoor hulle van Jesus. Hulle wil Hom graag sien, maar aangesien hulle Grieke is, het hulle nie die vrymoedigheid om self direk met Hom te gaan praat nie. Hulle vra toe vir Filippus wat van Betsaida af kom en self ook Grieks, praat of hy hulle sal help. Filippus is 'n bietjie onseker omdat Jesus 'n baie besige dag gehad het en hy besluit om die raad van Andreas te vra wat ook van Betsaida af kom en ook 'n Griekse naam het.

Andreas is 'n man van die daad en dadelik neem hy die Grieke na Jesus toe. Jesus antwoord egter dat die Seun van die mens eers soos 'n koringkorrel op die grond moet val en sterf voordat dit kan groei en baie vrug dra. Dit beteken dat hy eers deur die Jode verwerp en gekruisig moet word voordat

212 1 Pet. 5: 7 Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.

die evangelie aan die heidene verkondig kan word. Daarom praat hy nie nou met die Grieke nie. Dit sal sy apostels, soos Paulus, later doen.[213]

’n Stem uit die hemel

Verder sê Jesus dat sy siel ontsteld is, maar hoe kan Hy vir die Vader vra om Hom uit hierdie uur te red, want hiervoor het Hy juis gekom. Dan roep Jesus uit: “Vader, verheerlik U Naam.” Onverwags kom daar ’n stem uit die hemel wat sê: “Ek hét dit verheerlik en Ek sal dit weer verheerlik.”

Diegene wat die stem hoor, is verward aangesien hulle nie weet wat besig is om te gebeur nie. Party dink dit is ’n donderslag en ander glo weer dat ’n engel met Jesus kom praat het. Jesus wys hulle egter daarop dat die stem nie ter wille van Hom gekom het nie, maar ter wille van hulle. Vir hulle is dit ’n teken dat Satan oorwin sal word. Daarna sal Jesus verhoog word en hulle wat in Hom glo, sal na Hom kom waar Hy in die hemel is. Daarom moet hulle in die lig wandel: sodat hulle waarlik kinders van die lig kan wees.

Jesus wys hulle daarop dat baie mense liewer in die donker wil bly, want hulle glo nie in Hom nie. Wat in Jerusalem gaan gebeur, is ’n vervulling van wat Jesaja voorspel het.[214] Die Jode wil nie die Here as hul Verlosser aanvaar nie en verwerp Hom. Jesus verklaar dat elkeen wat Hom verwerp, ook deur sy Vader verwerp sal word. Sulke persone is reeds deur God veroordeel. Maar elkeen wat glo, wandel in die lig. Hy bly nie in die duisternis nie, maar kom in die volle lig en kry die ewige lewe.

---

213 Gal. 2: 2 Maar ek het opgegaan op grond van ’n openbaring en hulle die evangelie voorgelê wat ek onder die heidene verkondig; en afsonderlik aan die wat in aansien was, dat ek nie miskien tevergeefs sou loop of geloop het nie.

214 Jes. 53: 1 Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die HERE geopenbaar?

Aanbevole leesstukke:

BOOYENS, M.J. 2005. Laat my lammers wei. Pretoria: EFJS Drukkers 196 - 201 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 337 - 345 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron: Nieuwe Testament deel II. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 360 - 361 en 178 - 183 p.